MUSIEKAAND

MET 'N LIED IN DIE HART

Daar is slegs 'n paar kaartjies nog beskikbaar vir die musiekaand by Ella en Johan Fourie op Vrydagaand 31 Augustus om 18:30. Ella gaan gesels oor die aard en ontwikkeling van die kunslied en snitte uit kompakskywe voorspeel van liedere deur komponiste soos Franz Schubert en ons eie S. le Roux Marais, gesing deur gevierde sangers. Kaartjies teen R75 is beskikbaar by Riekie (084 704 4412) en Erika (073 274 2894). Die aanbieding vind plaas by Seaview-rylaan 3074, Bettysbaai.

GEBEDSFOKUS

GRONDHERVORMING: FEITE EN VOORBIDDING

Die sendingorganisasie INcontext se nuusbrief van 9 Augustus gee die volgende inligting:

• *Plaasgrond* beslaan ongeveer *twee derdes* van die grond in ons land. Dié grond *sluit die meerderheid* Suid-Afrikaners grootliks *uit*.

• Sowat *twee derdes van alle Suid-Afrikaners* woon in *stede*.

• Teen die sperdatum in 1998 is ± *63 000 grondeise* ingedien. Ongeveer *50 000 is reeds afgehandel*. Slegs *5 000* van dié aan wie grond toegestaan is, het die grond gekies.
Die *res* het *geldelike vergoeding* gekies.

• Twee moontlike maniere verder is deur (a) *toetssake* in die Grondwetlike Hof, en/of (b) *verandering van die grondwet* met nuwe regulasies oor grondbesit.

• INcontext roep ons op om **saam te bid** vir die besluitnemers en dat gelowiges op die groot uitdaging van grondhervorming sal **reageer** met **'n gesindheid wat toon dat ons hoop**, en sal **getuig waarom ons hoop** (1 Pet 3:15)

DIE KERKKLOK

DEUR GOD
die bron
van lig en lewe

LEWE ONS

Kerkkantoor: 0282713470

Leraars:

S Sass 072 352 8347
sassteven@hotmail.com

CN Malan 072 198 7279
drchrismalan@outlook.com

Webwerf: www.ngkkleinmond.co.za

19 Augustus 2018

Welkom by die Nagmaalsdiens

08:30 Kerksaal - Ds. Hendrik Saayman

09:00 Hangklip - Ds. Daan Botha

09:30 Kerkgebou - Dr. Jannie Hougaard

Deurkollekte: Fynbos

Eredienste Sondag 26 Augustus 2018

08:30	Kerksaal
09:00	Hangklip
09:30	Kerkgebou

Deuroffer: Bybelgenootskap

ONS GEE OM

WAAR DAAR HARTSEER EN KOMMER IS. .

Ons dink aan almal wat ons gebede baie nodig het. Veral aan Mariaan Hattingh: BB3 (☎9939), Kelly Hanekom: BB3, Ettienne Gouws: BB5 (☎9689), Wilma de Villiers: Ba2, wat 'n operasie ondergaan het, Richard du Toit: Ba2, Lida Fourie: Bb1, Piet Morton: Sb1 (☎4241), Elma Hagen: Bb2 (☎5503), Frikkie von Wiellich: Bb2, Johan Els: Sa1, Gerda le Roux: Sa3 (☎3254), Julian Luyt: Sb1 (☎3482), Maria Human: Sc4, Chris Grobler :PB3 (☎8783), en Riti Turner KB1 (☎4917).

.. **EN WAAR DAAR VREUGDE IS. . .**

Baie geluk aan almal wat gedurende die week verjaar.

In die besonder wil ons die lidmate wat vandag verjaar, gelukwens:

Bregitte Buys (Sb4), Tinus Celliers (Sa1) Mike Fourie (BB4), Ottolina Fourie (KB1), Francois Kloppers (Bb4), Jayson Le Roux (Sb2), Danie van Wyk (BB3), Brein Vorster (HK3).

DIE WEEK SE AKTIWITEITE

WELWILLENDHEIDSWEEK

Sondag	18:00	Bybelskool in kerksaal
		Die Tien Gebooie in 2018
Maandag	18:30	Kerkraadsvergadering
Dinsdag	16:30	Gebedsgroep
Woensdag	16:00	Streekkerkraad: Bergstreek
	17:00	Streekkerkraad: Seestreek
Donderdag	16:00	Kooroefening
Saterdag	09:00	**Fynbos hou basaar!**

NAGMAAL-TAFELDOEK: KERKSAAL

Daar word gesoek na die gehekelde tafeldoek wat tydens Nagmaal-geleenthede in die saal gebruik word. As iemand weet waar dit is, kan Johan de Clerk (084 582 1992) gebel word.

DEMENSIE ONDERSTEUNINGSGROEP

Op Donderdag 23 Augustus om 10:00 word die volgende byeenkoms by Kogelpark aangebied. Demensie SA kom ons besoek en sal vrae rakende Alzheimers, demensie, ensovoorts beantwoord. Almal welkom. Kontak Madeleine 082 434 7377

SOPKOMBUIS

Daar word weer yoghurt-houers en roomysbakke by die sopkombuis benodig. Dit kan by die kerksaal of die kerkkantoor afgegee word.

VGK KLEINMOND GESINSWEEK

So. 19 Aug. 10.00 - **Gesinne is daar vir mekaar**

Ma. 20 Aug. 19.00 - **Ouers praat met kinders** - Theresa Els

Di. 21 Aug. 15.00 - **Storietyd vir kinders** – Nal'ibali

Di. 21 Aug. 19.00 - **Mamma, lees vir my 'n storie**

Wo. 22 Aug. 19.00 - **Help my, my kind gebruik dwelms** - ds J van Rooy

Do. 23 Aug 19.00 - **Help hier is 'n krisis!** - Gesinsgeweld, egskeidings, ens. - Melany Voigt

Vr. 24 Aug. 19.00 - **Gesinne speel saam** - speletjies

Sa. 25 Aug. – **Dis 'n piekniek** – by die hoofstrand

So. 26 Aug. 10.00 – **Ek en my huis dien die Here**

- ds CJ Swart

Kleinmond Getuienisfees 2018:

8 tot 11 September

Dit is weer tyd vir ons jaarlikse Getuienisfees! **Let asseblief daarop dat dit een week vroeër plaasvind as die datums op die jaarprogram.**

Baie mense wat verlede jaar aan die Getuienisfees deelgeneem het, onthou nog hoe hulle deur ds. Jaco Strydom se woorde getref is. Vanjaar se **hoofspreker** is **ds. Richard Verreynne**van World Thrust. Die ander predikers en sprekers is **ds. Kobus Viljoen en sy vrou Cora** van Child Evangelism Fellowship, **ds. Dirk Coetzee** van Kingfisher, **dr. Ali Behardien**, bekeerde Moslem en prediker van Moorreesburg, en **ds. Hendrik Saayman** van Kleinmond.

Die Getuienisfees handel daaroor dat **God** Sy Seun na die wêreld gestuur het, dat Sy Seun, **Jesus Christus**, voor Sy hemelvaart weer **mense** uitgestuur het – dat Hy die groot opdrag aan mense gegee het om oral van die evangelie te gaan vertel, dit te gaan uitleef.

Dink solank oor hierdie twee foto's:

Watter een is die kerk?